

## 10 Augustus

## Lukas 18:9-14

### *Om jouself in perspektief te sien*

Wanneer 'n mens dinge wil beoordeel is dit belangrik dat jy die regte perspektief sal behou. Anders kan jy jouself lelik misgis en tot allerhande valse gevolgtrekkings kom. 'n Hoë boom hier naby jou lyk byvoorbeeld op die oog af hoër as 'n bergpiek doer in die verte. Maar as jy 'n entjie terugstaan, jou gesigspunt verander, dan sien jy dat die bergpiek in werklikheid baie hoër is as die boom.

Dieselfde beginsel geld ook vir ons geestelike lewe, in ons beoordeling van onself. Soos die fariseër in hierdie gelykenis kan jy jouself met ander mense vergelyk - veral met hulle wat in jou oë die grootste sondaars is - en God dan in valse selftevredenheid dank dat jy nie soos een van hulle is nie. Jy kan jouself meet aan jou eie maatstawwe, soos jou kerkbesoek en jou bydraes, en daarom reken dat jou saak met God reg is. Min wetende dat jou oordeel niks anders as dwase selfbedrog is nie!

Dis juis met die oog hierop dat die Here vir ons hierdie treffende gelykenis vertel. Hy wil ons hiermee waarsku teen 'n valse selfbeeld, teen selfoorskating en selfverheffing. Hy wil ons leer om onself te mishag en in nederige ootmoed ons toevlug tot Hom te neem; om, soos die tollenaar, in diepe skuldbesef alleen maar vas te gryp aan sy genade. Wie so tot Hom nader, so verseker Hy ons hier, kan weet dat sy/haar saak met God reg is.

Sing: Psalm 38:5  
(Delareyville)

Ds. A.J. Myburgh